**Skriflesing:** Jesaja 61:1-11
**Tema:** Ons is die vindplek van God.

As jy na ons eie Sunridge Village toe gaan, waar vind jy kruidenierware? Jy vind dit by Spar of Woolworths. Boumateriaal vind jy by Built it en petrol of diesel by Shell en so kan ek voortgaan.

Maar waar vind jy God? Of eerder waar vind God jou?
Mense verskil van mekaar en vind God op verskeie plekke. Maar die 3 belangrikste plekke waar God Hom laat vind is in sy Woord, die natuur en by mense.
Ek en jy, as sy kerk, is op ‘n besondere manier die "vindplek van God" in ‘n stukkende wêreld.

In Jesaja 61 word die profeet met 'n blye boodskap gestuur na mense in nood, mense wie se harte en lewens "gebreek" is. Hulle het getreur in ballingskap. Nou is  hulle waarskynlik terug in hul eie land en hul treur hul oor die ellendige toestand waarin die land is.

God gaan, soos altyd, weer sy genade betoon. Hy gaan die situasie van onreg, uitbuiting, verarming en gevangenisskap verander.

Maar terwyl die profeet daar rondloop met hierdie vreugdeboodskap van God luister niemand nie. Hulle is te moedeloos en teleurgesteld. Die teruggekeerdes vloek oor vervalle puinhope. Hulle is ontnugter oor die voortgaande uitbuiting, verarming en ellende. Dit lyk nie of God se beloftes gaan waar word nie.

Dit is vandag steeds soms so. Hoe kan ons God prys oor puinhope heen?
Hoe kan jy praat oor sy vrede, reg en geregtigheid as dit op straat, in die land en wêreld versmoor word? As na meer as 2 000 jaar baie armes arm bly en waarskynlik nog armer word? As mense op verskeie maniere al swaarder kry en gebrokenes van hart smag na troos?

In Jesaja 61 word God se bevryding van onverstaanbare gebrokenheid, droefheid, onreg; van die bande en strikke wat mense bind en dreig om hulle te versmoor, verkondig.

In Jesaja 61:8-9 lees ons dat positiewe verandering altyd by God begin:
“8 Ek is die Here, Ek het die reg lief, Ek haat roof en misdaad.
In my trou sal Ek my volk gee wat Ek beloof het, Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit.
9 Hulle afstammelinge sal bekend wees onder die nasies, hulle nakomelinge onder die volke.
Almal wat na my volk kyk, sal besef dat hulle 'n volk is wat deur die Here geseën is.”

Herstel vloei nie uit óns planne, óns protesoptogte en skuiwe nie. Dit lê geanker in God, in sy nabyheid, sy trou, liefde en genade.

Juis daarom verkondig Jesaja 61 nie 'n volmaakte wêreld nie. Daar is nie so ‘n wêreld nie. Jesaja verkondig ‘n volmaakte God wat altyd sy beloftes waar maak.

In Lukas 4:18-21 sien ons dat Jesus die gedeelte in sy grootword dorp, Nasaret, in die sinagoge voorlees en op Homself van  toepassing maak. Die mense het nie van sy boodskap gehou nie en Hom uit sy dorp uitgejaag.

Maar, of jy nou hou daarvan of nie, dit staan vandag steeds vas dat slegs deur Hom daar werklike én totale genesing kom. Deur Hom word my en jou verhaal onherroeplik verander, of dalk moet ons eerder sê, verbeter.

Vanuit die onverganklike trou en liefde  van die Here pak ek en jy elke uitdaging, soos byvoorbeeld die onbekende van die nuwe jaar wat om die draai lê, in geloof en hoop aan.

God se grootste geskenk vir hierdie wêreld wat deur mense stukkend gemaak is, is Jesus Christus.
Dít is die goeie nuus waarvan ek en jy nie net kan kennis neem nie, maar wat ek en jy moet uitleef en oorvertel.
Toit het in die kersdiens gesê dat ons ‘n geskenk kan gee of een wees. Ons het sopas geskenke gegee en ontvang. En dit is lekker. Maar God se groter roeping vir ons is om vir mekaar geskenke te wees. Jesaja 61:1-2 is ook op elkeen van ons van toepassing:
“1Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is,
2om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon, die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, vertroos,”

God gee vir ons ‘n nuwe identiteit.
Ons as God se volk word genoem “Bome van Redding”.  Ons moet die vastigheid en vryheid wat die Here werk as vrug vertoon en so sy roem vermeerder. Ons moet wys hoe groot Hy is. Ons moet nie net kla nie, maar saamwerk om vervalle stede herstel.
Ons is “priesters van die Here” wat vir vir mekaar en die wêreld moet bid. Ons moet ook vir mekaar en die wêreld sorg.
Ons is “dienaars van ons God” wat stukkende mense en ’n stukkende wêreld ‘n beter plek moet maak.

Ek en jy dra sy oorwinnaarsklere wat Hy vir ons aangetrek het. Saam met Jesaja bely ons steeds in die woorde van Jesaja 61:10-11:
“10Ek is baie bly oor die Here, ek juig oor my God, want Hy het my gered,vir my oorwinnaarsklere aangetrek.
Ek is soos 'n bruidegom met 'n priesterkroon op, soos 'n bruid met haar juwele aan.
11Soos die grond plante laat uitspruit, soos die plante in 'n tuin vrugte gee, so gee die Here my God die oorwinning en laat Hy al die nasies luister na die loflied tot sy eer.”

By ons moet die wêreld, wat dikwels in puin is, van God en sy genade hoor en sien. Ons staan in sy diens en verkondig eer in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydskap in plaas van hartseer, herstel in plaas van vernedering  en lof in plaas van minagting van mense.

Hy maak vir my en jou sy sy bome v redding, priesters en dienaars van God en meer as oorwinnaars om:

- hulle wat eensaam, hartseer of moedeloos is op te beur en te troos
- hulle wat God vloek oor hul ellende, by te staan en vir hulle te bid
- met God mee te werk in die vrylating van gevangenis van armoede en verslawing

So vermeerder ons sy roem. Ek dink dit is ‘n wonderlike nuwejaarsvoorneme om, toegerus deur die Here, juis dit te doen.

In hierdie stukkende wêreld is dit óns lewens en getuienis wat God se trou, sy reg, sy genade en liefde vir elke mens sigbaar maak.

So is ons as sy kinders en sy kerk, dikwels tussen vervalle puinhope, die vindplek van God.
Amen